# Weeklikse **Verslag**

23 Jun 2021

COMDI.CO.ZA




# Agenda

Die VSA se mielie oes is alles klaar geplant en opkoms is voltooi. Die meeste mielies is al knie hoogte, en die weer begin al hoe belangriker rol te speel in die mark. Ons gaan kyk wat daar aangaan.

- Oes kondisies
- Reënval
- Grafieke
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering




# **VSA** Oes kondisies

Hier is 'n goeie kaart wat die oes kondisies in elke staat aandui.

Let op hoe swak Noord en Suid Dakota is met 39% en 34% onderskeidelik.

Minnesota op 50% en Iowa op 56% is ook vêr onder die gemiddeld.

State wat bo-gemiddeld vertoon is Nebraska op 83%, Indiana op 70% en Ohio met 76%.







# **VSA** Reënval

Die persentasie van normale reënval vir die eerste 3 weke in Junie, wys op dele wat sukkel met droogte.


Die bo-grondvog wys ook op stemming.

Dis is egter nie net swak nie, en soos wat die oes-kondisies gewys het is daar groot produksie state wat bo-normaal vertoon.



Die voorspelling vir reën lyk goed vir plekke soos Iowa, en Minnesota wat reën benodig. Daar is 'n kans vir verspoelings indien al hierdie reën voorspel word, realiseer in Illinois, Missouri en Indiana, maar ek dink die mark gaan afwaarts reageer met die val van die reën wat die oes goed gaan help.






# Grafieke

23 Jun 2021

# CBOT **Dec'21** Corn

Die Dec'21 Corn kontrak is baie onseker in sy verhandeling die afgelope week met lang kerse wat domineer na beide kante toe. Die weer dikteer tans die mark.

Tegnies is $5.30/bu is groot ondersteunings vlak wat indien dit breek, nog dalings kan beteken. Die tegniese aanwyser is reeds laag.



# Safex **Dec'21** Wmaz

Die Dec'21 WMAZ kontrak word rondgeskommel deur die Chicago prys bewegings, en die Rand wat baie verswak het die afgelope week.

Die kontrak is steeds binne die verhandelings band. Die tegniese aanwyser is laag.



# Safex **Dec'21** Soya

Die Dec'21 SOYA toets die kontrak laagte punte hierdie week, maar veg terug om weer bo die pienk lyn te staan.

Die tegniese aanwyser is oorverkoop, en reg om koopseine te kan gee.



# **Rand/Dollar** wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers verswak op die rug van die sterker Dollar.

Die Federale bank komitee in die VSA het aangedui dat rentekoers moontlik kan styg in 2023 en dit het die Dollar goed ondersteun.

Tans kry die Rand ondersteuning teen verdere verswakkings by die 100-dag GG lyn in pers.

Die tegniese aanwyser is hoog.





# Weeklikse **Opsomming**

- Die VSA se meeste mielies is omtrent nou knie hoogte, en die weer mark is nou in volle swang.
- Die oes kondisie verslag wys dat Noord en Suid Dakota in die moeilikheid is tans. Daar is wel beter as gemiddelde state ook.
- Goeie voorspellings van reën hou die mark laag. Die weer gaan vir nog so 5 – 6 weke 'n belangrike faktor in die mark wees.






# SAGIS
# **UITVOER VORDERING**

11 Jun 2021

# UITVOERE PER WEEK

| UITVOERE | GEEL MIELIES | WIT MIELIES |
|---|---|---|
| **WEEK** | **102 664** | **8 081** |
| **TOTAAL** | **414 203** | **52 938** |

## VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI.CO.ZA

# DANKIE

4IE TRADING

(012) 111 0557 of by info@4ietrading.co.za

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading, in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd